



Magalieskruin Gemeente

Joycelaan 150
Magalieskruin

Posbus 13507
Sinoville 0129

Tel: (012) 548 1245
Faks: 086 535 4797

Webadres: www.magalieskruin.com

E-pos: magaliesklein@telkomsa.net

FAMILIENUUS

Want elkeen behoort aan 'n geestelike gesin

DIE HEILIGE GEES

Junie 2017



Die beste



leë nog voor

KLEINGROEPE: NUUS

- ❖ Janine Joubert is die kontakpersoon in die kerkkantoor wat die koördinerende en skakelende van die kleingroepe hanteer. Indien u wil aansluit by 'n kleingroep kan u haar kontak (012-548-1245) of stuur 'n e-pos aan magaliesklein@telkomsa.net.
- ❖ Sisna Venter wil begin met 'n kleingroep vir senior lidmate wat op Donderdagoggend 10:00 gaan bymekaar kom asook 'n kleingroep vir gesinne met laerskoolkinders wat op Maandagaande gaan bymekaar kom. Kontak haar by 079-882-2342 indien julle weet van iemand wat belangstel.
- ❖ Baie dankie aan ds. Corné Boothe vir hierdie maand se Bybelstudies.



PITKOS VIR KLEINGROEPE

Mense smag na ware gemeenskap, want ons is daarvoor gemaak!

In die Nuwe Testament sien ons ook hoe die Vader altyd eer gee aan die Seun, die Seun eer gee aan die Vader, die Seun eer gee aan die Gees, en hoe die Gees weer die Seun kom verheerlik. Elkeen wys na die ander in perfekte liefde. DIT is ons voorbeeld van volmaakte gemeenskap. Omdat ons na GOD SE BEELD geskape is, smag ons siele daarna! Dit is waarvoor Jesus ook bid in Johannes 17:20 – 23.

Christengemeenskap is om ons lewens:

- voor die Here (gemeenskap is meer as net sosialisering, dit is 'n geestelike saak)
- saam (gemeenskap impliseer Christene in verhouding tot mekaar, 'n groep)
- diep te deel (gemeenskap is om ons lewens te deel, ons harte aan mekaar oop te maak, en aan mekaar verantwoordbaar te wees, mekaar te ondersteun en te versorg)
- oor 'n verloop van tyd (die beleving van gemeenskap berus op vertroue en groei met tyd)

Daar is heelparty “Mekaar”-verse wat illustreer wat die Nuwe Testament bedoel met gemeenskap: Aanvaar mekaar – Rom 15:7, Bemoedig mekaar – Rom 1:12, Kor 13:11, 1 Tes 5:11, Bid vir mekaar – Jak 5:16, Dra sorg vir mekaar – Rom 12:25, Wees eensgesind onder mekaar – Rom 12:16. 15:5, 2 Kor 13:11, Leer mekaar – Kol 3:16, Spoor mekaar aan – Heb 3:13, 10:24 en nog vele ander.

Ons het gesien dat die vroeë Christene IN DIE TEMPEL (groot groep) en IN DIE HUISE (klein groepe) byeengekom het. Hierdie dubbele bedieningswyse is vir ons waardevol, want daar is bevind dat ons, ons gemeenskap op verskeie vlakke moet beleef. Volgens Joseph Myers (2003, *The Search to Belong* Zondervan) het elke mens 'n behoefte om op al die volgende wyses in verhoudings te staan en gemeenskap te beleef:

Publieke ruimte	Sosiale ruimte	Persoonlike ruimte	Intieme Ruimte
Ons wil behoort aan groot groepe: daar waar tientalle, honderde of meer bymekaar is. So 'n ruimte is anoniem, maar nie onpersoonlik nie – ons ken die ruimte en die mense, alhoewel nie persoonlik nie.	Ons wil ook in kleiner groepe wees waarin ons onself kan bekendstel en iets van onself kan deel. Ons wil aangename mense meer gereeld sien en ontspanne tye met hulle deurbring rondom neutrale temas.	Ons wil ook plekke hê waarin ons onself kan wees en ons hart kan oopmaak, soos ons families en vriendekringe. In sulke kringe voel ons veilig en kan ons diep deel, en omgee en sorg beleef asook aanbied.	Ons wil in een tot een verhoudings met mense wees waarin ons heeltemal deursigtig kan wees, soos in ons huwelike en gesinne. In so 'n verhouding leer mense ons ken soos ons werklik is.
Voorbeeld in die kerk: Erediens, Gemeentebyeenkomste, interkerklike saamtrekke.	Voorbeeld in die kerk: Sosiale byeenkomste van die gemeente, wyk; huisgroepe, belangegroepes.	Voorbeeld in die kerk: Kleingroepe, leiersgroepe, ondersteuningsgroepe; familiebediening	Voorbeeld in die kerk: Huweliksbediening, beraad, mentorskap.

Dit is belangrik om te verstaan dat 'n Kleingroep tussen die sosiale en persoonlike ruimtes moet funksioneer, en nie tussen die persoonlike en intieme ruimtes nie. 'n Fout wat ons dikwels maak is om ons kleingroepe te persoonlik of intiem te maak, dus tussen die persoonlike en intieme ruimtes te funksioneer. Dit neem tyd om die vertroue te ontwikkel om my lewe diep te deel met "vreemdelinge". Selfs al is dit 'n baie "geestelike" groepie, moet ons versigtig te werk gaan om mense te beskerm.

(Die bostaande gedeelte soos verkry vanuit 'n Kleingroep Kursus "Kleingroep Dinamiek) saamgestel deur Jimi le Roux, 'n geordende leraar met ervaring in tradisionele en vernuwingskerke, o.a. as die kleingroepie van 'n megakerk in Johannesburg.)



DIE HEILIGE GEES

Inleiding

Dit is weer Pinkstertyd en ons almal weet wat dit beteken. Dit beteken dat ons oor iets gesels wat ons nie oor die algemeen baie oor gesels nie. My wens is dat dit soveel anders moet wees. Ek en jy behoort elke liewe dag oor die Gees en met die Gees te gesels. My hart is dat jy in hierdie maand meer sal leer, meer sal soek en meer sal ontdek van wie die Gees is en dat jou geestelike oë en ore sal oopgaan vir die werk van die Heilige Gees in jou lewe.

Week 1

WIE IS DIE HEILIGE GEES?

Meeste van ons het grootgeword met 'n bepaalde verstaan van die Heilige Gees. Ek wil sommer met intrapslag 'n vraag op die tafel sit:

- Bespreek onder mekaar watter faktore in jou lewe jou verstaan van die Heilige Gees beïnvloed en gevorm het?
- Bespreek ook met mekaar of jy gemaklik is met jou verstaan en belewenis van die Heilige Gees?

Hierdie week kyk ons na verskillende aspekte en karaktereïenskappe van die Heilige Gees. Om die Heilige Gees te verstaan het ons nodig om heel eerste te verstaan wie die Heilige Gees is en wat Hy nie is nie.

Fokusvers:

Daar sal elke week 'n fokusvers of verse wees waarop ons gaan fokus. Hou dus die heelyd in u gesprek die fokusvers ingedagte.

Hierdie week se fokusvers kom uit meer as een gedeelte. Lees die gedeelte en bespreek elke keer die vraag in terme van die teksgedeelte.

1. Die Heilige Gees is nie 'n *superkrag* wat rondom ons in die lug ronddryf vir ons om te gebruik wanneer ons dit nodig het nie. Lees **Lukas 4:14** en **Handelinge 10:44-48**. Wat leer jy in hierdie twee tekste in terme van die persoonlikheid van die Heilige Gees?

2. Die Heilige Gees is nie 'n gevoel/emosie nie. Lees **Joh 14:26**. Wat hoor jy in hierdie teks?
3. Die Heilige Gees is 'n persoon. Lees **Hand 13:2**. Wat lees jy raak in die teks? Laat die groep 'n paar karaktereienskappe van die Heilige Gees opnoem uit die volgende tekste: **Joh 14:26, 1 Kor 12:11**.
4. Bespreek die volgende tekste itv die Heilige Gees se emosies:
 - **Hand 5:3-4**
 - **Jes 63:10**
 - **1 Tess 5:19**
 - **Hand 7:51**
 - **Matt 12:31**

Sluit af met 'n gebed. Bid die volgende eenvoudige gebed hardop saam: “*Vader dankie vir U Gees. Heilige Gees ek vra nou dat U my lewe sal vul en my geestelike oë en ore sal oopmaak om u stem te hoor. Ek stel myself oop vir U werk in my lewe. Amen*”.



Week 2

VRESE

Nou dat jy verstaan dat die Heilige Gees 'n persoon is met wie jy in 'n verhouding kan staan is die volgende vraag dan: Waarvoor is jy bang? Iemand het eendag gesê: “*People fear what they don't know*”.

As ek en jy die Heilige regtig intiem ken en in 'n lewende verhouding met die Vader staan, dan is daar nie regtig veel in ons lewe waarvoor ons hoef te vrees nie. Lees saam as 'n groep **Markus 4:35-41**.

Hoe hanteer Jesus die vrees van die dissipels?

Fokusvers:

2 Timoteus 1:7

1. Lees **Markus 4:35-41**

1. Hoekom dink julle is Jesus teleurgesteld in sy dissipels?
2. Dink aan jou eie lewe... Wanneer was jy onnodig bang vir iets?
3. As ons hierdie storie ernstig opneem, hoekom hoef ons nooit bang te wees nie?

2. Lees **1 Johannes 4:18**

1. Wat is volmaakte liefde en waar kry ons dit?
2. Die heel eerste vrug van die Gees is liefde. Wat dink julle wil Jesus vir ons hierdeur sê?

3. Lees **Romeine 8:14-16**

1. Dink prakties hieroor. Wat is die verskil tussen 'n slaaf en 'n kind?
2. Hoe laat dit jou voel om te hoor hoe God vir jou sê Hy is lief vir jou en jy is Sy kind, jy hoef niks meer te vrees nie?
3. Deel met die groep of daar dinge is wat jou keer om dit ten volle te glo?

4. Bespreek **2 Timoteus 1:7** met mekaar.

1. Wat let jy op uit hierdie vers?

Afsluiting

Skryf jou vrese op 'n stuk papier neer en vra die Heilige Gees om jou vrese weg te vat en jou te vul met Sy liefde, vreugde en vrede.



Week 3

BID OF BAKLEI

Ons hoor elke dag dat die lewe 'n stryd is. Ons word so deur die wêreld volgeprop dat ons moet baklei vir wat ons wil hê en dat ons moet baklei om bo uit te kom dat ons dit ook in ons reis saam met Vader wil doen. Baie keer in ons gebedslewe het ons nodig om die vyand aan te spreek, maar as die "baklei" deel die fokus raak dan mis ons partykeer die punt.

Kom ons gesels bietjie oor die fokus van ons gebed en hoe die Heilige Gees ons daarin help.

Fokusvers:

Matteus 4:1-11.

1. Hoe hanteer Jesus die duiwel in Matt. 4:4?
2. Identifiseer plekke uit Matt 4:1-11 waar Jesus met die duiwel redeneer. Uit Jesus se hantering van die vyand kan ons duidelik sien dat Hy nie met hom redeneer nie, maar dat hy hom eenvoudig aanspreek in die Waarheid van die Woord.
3. Watter resultaat het Jesus se antwoord aan die duiwel elke keer?
Ons kan so gefokus raak op dit waarmee die vyand in ons lewens besig is en hoe ons hom moet hanteer, dat ons vergeet dat selfs toe Jesus van aangesig tot aangesig gekom het met die duiwel, Hy steeds al die eer aan Sy Vader gegee het.
4. Hoe help vers 10 ons om ons gebedslewe te fokus? Watter rol speel die Heilige Gees in ons gebedslewe?
Jesus se antwoord aan die duiwel is nie op homself gefokus of selfs op die duiwel nie. Jesus fokus op die aanbidding van die Vader. Help jou groep om te verstaan dat selfs in geestelike oorlogvoering ons fokus nooit na die vyand toe skuif nie, maar altyd op die krag en liefde van die Vader bly. Die Heilige Gees speel hier 'n belangrike rol. Hy help ons om te onderskei tussen ons eie vrese, ons eie behoeftes en die aanbidding van die Vader.

Hierdie week se gebed moet nie 'n "vra"-gebed wees nie, maar 'n "dankie"-gebed. Bid saam as 'n groep en eer die Vader vir sy goedheid. Vra die Heilige Gees om julle gefokus te hou op die Vader en Sy liefde.



Week 4

TREE AAN

Ek en jy kan nooit in 'n verhouding staan met die Vader as ons nie toelaat dat die Heilige Gees ons hierin help nie. Deel van die verhouding wat ons met die Vader het is Sy uitroep aan ons om onself oop te stel dat die Heilige Gees in en deur ons werk.

Die Vader wil nie hê ons moet heeltyd werk nie, en verseker het Hy ons nie nodig om Sy werk te doen op aarde nie, maar om 'n geesvervulde lewe te lei beteken dat ons dit wat Hy aan ons gee, aan ander mense uitdeel.

Dit is belangrik om te weet dat nie gaan oor werk nie, dit gaan oor deel.

Ons kan tog niks doen om God se genade te verdien nie, maar die Gees deel aan ons die gawes uit soos wat Hy goed dink, en soos wat die Kerk dit nodig het.

Fokusvers:

Jesaja 6: 5-8

1. Bespreek Jesaja se toestand in vers 5.
2. Wat doen die Here in vers 6-7 met Jesaja? Hoe help dit my en jou om te weet dat ons kan doen waarvoor Hy ons roep?
3. Vra Jesaja enige vrae of bevraagteken God se uitroep in vers 8? Hoe wil die Here hê moet ons reageer op die uitroep van die Heilige Gees en werk van die Gees in ons lewens?
4. Waarvoor het ek en jy gawes ontvang? **1 Kor 12 en 14?**

Ek is vas oortuig dat Vader deur Sy Gees wonderlike dinge in Magalieskruin doen en nog gaan doen. Ek vertrou dat jy deur die loop van hierdie Pinkstermaand meer intiem met die Gees begin saamleef het en dit in die toekoms sal doen. Mag jy net weet dat dit **ALTYD** oor die liefde van Vader gaan. Mag jy so naby aan Hom leef en so gefokus wees op Sy Gees dat jy sal antwoord: Hier is ek, Here! Stuur my! Mag jy seker wees dat deur die werking van die Heilige Gees en die genade van ons Vader ons kan sê: **Die beste lê nog voor!!**

